### *Die einde van die wêreld en die oordeel*

**72** Ons vertrek, en die owerste en sy geneesde vrou, en twee van sy vernaamste onder-kommandante vergesel my. Die owerste en sy vrou neem JonaEl tussen hulle twee, en gesels met hom en vra hom oor die uitleg van verskillende sake van die Judese geloof soos dit op My van toepassing is; die jiglyer wat in die eerste dorpie genees is, neem ook ernstig deel aan die gesprek. Ek self stap saam met die sewe dogters en die vrou van JonaEl. Hulle vra My ook baie vrae oor verskeie onderwerpe, byvoorbeeld wat binnekort met die wêreld, met Jerusalem en met Rome gaan gebeur. Ek antwoord hulle in alle Waarheid, en Ek beskryf aan hulle hoe die geheime prins van die wêreld binne die afsienbare toekoms tereggestel gaan word en nie lank daarna nie sy hele aanhang. Daarby vertel Ek hulle ook van die einde van hierdie wêreld en `n wêreldomvattende oordeel, soortgelyk aan die tyd van Noag, en vervul met intense verbasing vra hulle My wanneer en op watter wyse dit sal gebeur.

[2] **Ek** sê aan hulle: "Liewe dogters, net soos dit in die tyd van Noag was, so sal dit dan ook wees; die Liefde sal afneem en heeltemal koud raak. Die geloof in `n suiwer lewensleer wat uit die hemele afkomstig is en aan die mens geopenbaar is en die geloof in Elohim, sal verander in `n duistere en dooie bygeloof vol leuens en bedrog. Die maghebbers sal die mense weer soos diere vir hulle laat werk, en sal hulle koelbloedig en gewetenloos laat slag as hulle hulle nie sonder enige teenspraak aan die heerlike mag onderwerp nie. Die magtiges sal die armes met allerlei laste kwel en hulle sal elke vrygeestige met alle middele vervolg en onderdruk; daardeur sal daar `n ellende onder die mense kom soos wat daar nog nooit voorheen op die aarde was nie! Maar ter wille van die baie uitverkorenes wat hulle onder die armes sal bevind, sal hierdie tyd verkort word. As dit nie so gebeur nie, sou selfs die uitverkorenes verlore gegaan het!

[3] **Van nou af gereken tot aan daardie tyd, sal daar `n duisend jaar plus minder as nog `n duisend jaar verbygaan.** Dan sal Ek **dieselfde Engele** wat julle nou hier sien, met groot basuingeklank onder die arm mense instuur. Hulle sal die geestelik doodgemaakte mense van die aarde as`t ware uit die graf van hulle nag opwek; en soos `n vuurkolom wat van die een einde van die aarde tot die ander einde rol, so sal hierdie baie miljoene ontwaakte mense hulleself oor alle wêreldmagte heen stort en niemand sal hulle meer kan weerstaan nie.

[4] Dan sal die aarde weer `n paradys word, en Ek sal My kinders deurlopend op die goeie Weg lei.

[5] Maar vanaf daardie tyd sal nog `n duisend jaar verloop waarna die vors van die nag een maal vrygelaat gaan word. **Dit gaan wees vir `n kort tydjie van sewe jaar en enige maande en dae**; hy gaan vry wees ter wille van homself, of vir sy algehele val, of vir sy moontlike terugkeer.

[6] Gebeur die eerste, dan **sal die binnekant van die aarde in `n ewige kerker verander**, maar die buitekant sal `n paradys bly. In die tweede geval sal die aarde egter in die hemele verander, en die dood van die vlees en die siel sal vir ewig verdwyn. Hoe, en of dit sal gebeur? Dit mag selfs die belangrikste Engel in die hemele nie vooraf weet nie! **Net die Vader alleen weet dit.** Wat Ek egter nou aan julle geopenbaar het, mag julle aan niemand vertel voordat julle oor `n paar aardse jare gehoor het dat Ek van die aarde af verhoog is nie.

[7] Die dogters vra My wat die verhoging beteken.

[8] Maar **Ek** sê aan hulle: "Dit sal julle treurig maak as julle dit nou moet hoor. **Maar troos julle daaraan dat ek drie dae daarna weer in julle midde sal wees**. Ek gaan dan self die bevestiging van die nuwe verbond en die sleutels tot my ewige Ryk aan julle oorhandig. Dra egter sorg dat Ek julle dan net so suiwer aantref as wat julle nou is, anders gaan julle nie vir ewig My Bruid kan word nie." Die dogters en hulle moeder belowe My dat hulle dit wat Ek aan hulle opgedra en vir hulle aangeraai het, presies sal nakom.

### *Johannes, die geneesde jiglyer, en JonaEl*

**73** Op daardie oomblik kom ons by die stad aan, reg by die huis van IrhaEl, wat nou ook die huis van die dokter, Joram is. Jaïrus, die owerste met sy vrou asook die twee onderkommandante, verkyk hulle aan die nuutverworwe skoonheid van die huis. **Die geneesde jiglyer** is ook uitermate verbaas en roep naderhand luidkeels uit: "Net Elohim kon dit gedoen het! As kind het ek dikwels tussen die grootliks vervalle mure van hierdie kasteel of huis, wat Jakob vir sy seun Josef laat bou het, van pure baldadigheid akkedisse gevang, en nou staan dit in alle volmaaktheid hier! Jakob sou dit nie destyds volmaakter kon bou nie! O, geen menslike mag kan in een nag so iets tot stand bring nie! Ek weet egter nou hoe dit met my sal gaan en wat my te doen staan. My Naam is Johannes - onthou die naam!"

[2] (Dit is hierdie selfde Johannes wat later deur My apostels bedreig is; dit het gebeur in my tweede jaar toe Ek hulle uitgestuur het om die Volk te leer en

hulle hom teëgekom het waar hy mense in My Naam genees, en bose geeste uitgedryf het sonder dat hy daarvoor uitdruklike opdrag van My gehad het) (Markus 9: 38-40)

[3] **JonaEl** sê: “Vriend, jou wil, jou gedagtes en jou woorde is goed, maar aan een ding ontbreek dit jou nog, en dit is `n suiwer insig in die goddelike Wil. Kom daarvoor in die komende dae na my toe, of bly sommer nou hier, dan sal ek jou `n nadere uitleg gee van die Wil van Elohim die Meester. Daarna kan jy des te beter die goeie planne wat jy het, op die korrekte manier aanpak.”

[4] **Die geneesde** sê: “Mag Elohim die Meester jou daarvoor lig gee! Wat jy my ookal aanraai, sal ek doen. Ek kan sien dat jy `n egte vriend van hierdie groot Profeet is, en daarom sal jy `n goeie en ware lig van Hom af verkry. Hierdie Profeet is groter as al die ander en ek glo dat Hy juis die Een is waarvan Dawid sing en profeteer:

[5] Die aarde behoort aan JaHWeH en alles wat daarin is, die aardbodem met alles wat daarop woon; want Hy het haar gegrondves by die see en gevestig aan die waters. Wie wil op die berg van JaHWeH klim en wie sal op Sy aparte plek staan? Hy wie se hande onskuldig is en sy hart suiwer, wat nie ydel praat nie en nie vals sweer nie, hy sal seën van JaHWeH ontvang en geregtigheid van die El van sy verlossing. Die geslag(saadlyn) wat na Hom vra, soek jou aangesig, Jakob!

[6] Verbreed die poorte en lig die deure van die wêreld op sodat die Erekoning kan binnekom! Wie is dan die Erekoning? Dit is JaHWeH, sterk en magtig, die Meester, magtig in die stryd: Verbreed die poorte, en lig die deure van die wêreld op sodat die Erekoning kan binnekom! Wie is dan die Erekoning? Dit is JaHWeH van die Leërskare - Hy is die Erekoning!”(Psalm 24)

[7] En ek, Johannes, wat deur Hom genees is, verklaar aan almal hier teenwoordig dat hierdie Man daardie Erekoning, van wie Dawid gesing en voorspel het, in lewende lywe is. Aan Hom kom al die eer toe tot in ewigheid!”

[8] **JonaEl** sê: ” Vriend, jy is op die regte weg! Maar onder ons gesê, dit is nog nie die tyd om daaroor te praat nie. So gou as wat Hy, soos wat Hyself bepaal het, hiervandaan miskien na Galilea gaan, sal ons begin om die volk aangaande Hom te onderrig. As Hy dan nie te lank daarna nie weer by ons kom, dan sal Hy ons poorte behoorlik wyd vind en die wêreldse deure behoorlik oop vir Sy intog, dit wil sê, ons harte sal so oop moontlik wees om Hom op te neem en ons liefde tot Hom sal tot bokant die sterre verhoog wees; **want ons harte is die poorte wat verbreed moet word, en die ware liefde tot Hom is die deur wat bo alles verhoog moet word**!”

[9] Op daardie oomblik gaan **Ek** by hulle staan, lê My hande op hulle skouers en sê: “Dis goed so, My liewe vriende! Waar julle ookal in My Naam so bymekaar sal wees, daar sal Ek, weliswaar nie sigbaar wees nie, maar tog tot julle uiters kragtige versterking, in julle midde wees! Ek hoor egter nou `n lawaai in die strate van die stad - wees daarom almal kalm! Ons sal sien met watter gees die gemoedere besield is en deur wie hulle gelei word.”

[10] **Jaïrus** kom vinnig na My toe en sê: “Meester, dit is `n dreigende lawaai en voorspel niks goeds nie! As dit U wil is, laat ek gou twee legioene hierheen ontbied - dit sal die rus dadelik herstel!”

[11] **Ek** sê: “Moet niks sê nie! As dit nodig sou wees, het Ek die regte beskerming byderhand. Trek jy jouself liewer in jou huis terug sodat niemand jou sien en herken nie. In hierdie stad heers daar nie nou `n goeie gees onder die wêreldse mense nie, en hulle sou later baie skade aan jou besittings kon aanrig.”

[12] **Jaïrus** sê: “Ek het immers nog die twee Jongmanne - hulle sal my besittings mos beskerm.”

[13] **Ek** sê: “Al is dit ook so - laat die saak tog maar tot ruste kom! As Ek menslike hulp sou nodig hê, dan kan Ek dit van die owerste, wat ook hier is, vra. Maar Ek het die hulp nie nodig nie, bly dus kalm en laat dit daarby. Jaïrus lê homself daarby neer en gaan IrhaEl se huis binne.”